

Elastic fantastic

Die afgelope jaar [2007] het vir een maatskappy toenemende sukses opgelewer en die belofte van selfs groter dinge vir 2008...

Die Elastilon handelsmerk het een van die groot suksesstories in die vloerindustrie geword. Die wen van hierdie jaar [2007] se ContractFloors lesertoekenning vir harde onderlaag verskaffer van die jaar, was die perfekte afsluiting van besturende direkteur Fred van Bers se jaar.

Mnr. van Bers is 'n man wat g'n blad voor sy mond hou nie en hy gloei van pure trots wanneer hy oor die maatskappy praat:

Fred, kan jy ons iets vertel van die geskiedenis van Elastilon en sy produkte?

'Die geskiedenis van die vermaarde Elastilon stelsels neem ons terug na die middel van die 1980s. Dit het begin met die skielike verandering in aanvraag na parket- en strookvloere wat nie langer

van klein onderdele gemaak is nie, maar in groot en wye seksies vervaardig is. Die feit dat dit probleme veroorsaak het vanuit die oogpunt van houtbewerking – hoe wyer die seksie, des te groter die krimping en swelling, wat oop nate tot gevolg het – het klaarblyklik nie die belangstelling in wye stroke aan bande gelê nie.

'Hierdie produk is van alle kante op die mark gebring, hoewel geen betroubare lêmetode beskikbaar was en parket- en gomvervaardigers geen oplossings aangebied het nie.'

'Vir hierdie rede het Osbe Parket BV besluit om self 'n oplossing te soek, en het na lang navorsing en baie proefnemings uiteindelik een gevind in die vorm van 'n elastiese mat waaraan 'n swaar, elastiese kleeflaag aangebring was.'

Dit het daartoe gelei dat die maatskappy hom op 'n totaal vreemde terrein begewe het, naamlik die sintetiese industrie.

'Nou was dit 'n kwessie van seleksie van die regte materiaal, met die uitvinder wat dikwels tot diep in die nag gewerk het. Uiteindelik is daar besluit om geslote-sel poliëtileenskuim met 'n sekere digtheid te gebruik. Hierdie materiaal se positiewe en gunstige eenschafte, naamlik die "elastiese geheue", is bekend, en dit is ook in staat om kritiese omgewingstoetse te deurstaan ten opsigte van binnenshuise klimaat. Sy emissievlek is so te sê zero.'

'Dit is heeltemal uniek vir twee totaal verskillende sektore, wat hoegenaamd geen verwantskap met mekaar het nie, om 'n produk te skep wat – danksy



Wenner van die toekenning: Elastilon se Besturende Direkteur Fred Van Bers, Verkoopontwikkelings-bestuurder Ingrid Vlemmix, ContractFloors se Verkoopsrekeningbestuurder Paul Bartram en Elastilon se Internasionale Rekeningbestuurder Mark Simkens neem die prys vir harde onderlaag verskaffer van die jaar in ontvangs by die Wembley Stadion.

die uitvinder – so 'n revolusionêre ontwikkeling veroorsaak het en, in die besonder, so 'n groot impak op die hele sektor gehad het.'

Wat van die toetreden tot die Verenigde Koninkryk se mark en die uitdagings wat daarmee gepaard gaan?

'Uit die staanspoor was die toetreden tot die Verenigde Koninkryk se mark – wat erg gesteld is op gehalte – op so 'n groot skaal dat dit gelyk het asof die mark daarvoor gesit en wag het. Die uitdagings en vooruitsigte hiervan is onmoontlik om te takseer. In elk geval, die groei in aanvraag na Elastilon het van jaar tot jaar verdubbel.'

Wat is die impak van die na-apер produkte wat verskyn en hoe word dit hanteer?

'Wanneer 'n patentkending aangemeld word, vra ons nie meer "In watter land?" nie, omdat ons reeds weet. Dit is altyd in Engeland. Dit is baie vreemd. Groot sowel as klein maatskappye het hulle daaraan skuldig gemaak. Baie deur naïwiteit en onkunde met betrekking tot die hantering van die intellektuele en industriële eiendom van ander mense. Ander, ewenwel, doen dit bewustelik en te kwader trou.

Hierdie is die uitbuiters, die uitgeslape kalante – die slechte ouens tussen ons.

besoek www.floordata.com vir die beste inligting aangaande bevloering

Of, volgens 'n FBI analis, maatskappye wat tot 'n vlak van amper psigopatiese persoonlikheidsafwyking gedaal het as gevolg van genadelose "witboordjie hebsug".

Hulle is glad nie gevaarlik nie. Want hulle sukkel sonder uitsondering almal met die probleem dat hulle oor hogenaamd geen kundigheid in houttegnologie beskik nie, en gevoglik geen insig in, en geen ondervinding met parketvloere het nie. Dit is hulle grootste blok aan die been.

'Die mate waarin Elastilon hierdeur benadeel word, kan geskat word. Een metode wat 'n mate van insig in die aangeleentheid verskaf, bestaan daarin om die groei van Elastilon in die Verenigde Koninkryk met sy groei in Duitsland te vergelyk, waar skendings

ongehoord is. Indien hierdie metode korrek is, blyk dit dat oortreders meer voordele as nadele meebring wanneer die syfers met mekaar vergelyk word. Om die waarheid te sê, het die aanvraag na Elastilon in die Verenigde Koninkryk sterker toegeneem, en is dit groter as in Duitsland.

'Dit dui daarop dat, in baie gevalle, die betrokke maatskappye eerder as adverteerders van Elastilon optree. Hulle baan die weg – gratis – en maak dit selfs makliker vir die outentieke en oorspronklike "Elastilon" produk om homself te vestig.

Wat is so uniek aan Elastilon en sy goedgekeurde produkte?

Hoewel die klem oorspronklik op Elastilon Basic en Elastilon Strong geplaas is, soos nog steeds die geval is, het Elastilon BV nie net op sy louere gerus nie. 'n Eienskap van Elastilon Basic sowel as Elastilon Strong, byvoorbeeld, is dat die hout onderdele wat met hierdie stelsel aangebring word, amper onlosmaaklik aan die stelsel verbind is. Dit kan voordele inhoud, maar soms ook nadele.

Na 'n lang dinkproses, is Elastilon Removable ontwikkel om hierdie nadeel uit die weg te ruim. Die Post-it plakker effek is toegepas op die stelsel. Die resultaat: vloere wat daaraan aangebring is, kan vinnig verwyder word teen 'n skerp hoek.

Die volgende tak aan die Elastilon boom was die ontwikkeling van Elastilon Lock. Hierdie produk was geïnspireer deur die ontwikkelings in die vloerverhittingsindustrie, met name in Switserland en Oostenryk, wat, benewens "ondervloerse verhitting" lande, ook uitstekende "parket" lande is. Gevolglik word die parketvloer en die vloerverhittingsstelsel



Die beginsel van Elastilon se nuutste produk is geïnspireer deur die bestaande eienskappe van Post-it briefies

'n volledige en perfekte eenheid, wat nie in dieselfde mate moontlik is met hegting as gevolg van sy aanwending in kolle nie. Elastilon Lock is omvattend getoets deur die vermaarde "Entwicklungs- und Prüflabor für Holztechnologie" (Ontwikkelings- en Toetslaboratorium vir Houttegnologie) in Dresden (ook met betrekking tot hitteoordragbestandheid). Die toetsverslae is uitstekend.

'n Heeltemal nuwe aanwending van Elastilon Lock is die vermindering van die skokgeras tot 'n geritsel, in die besonder in gelamelleerde en strookvlouere.

Elastilon / +31 4024 26136

besoek www.floordata.com vir die beste inligting aangaande bevloering
2007 ContractFloors

